

Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

2

Kwartaal 2



Leerder: _____

2

Kwartaal 2

Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

Leerderaktiwiteitsboek



Erkennings

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

Illustrasies

Baie dankie aan Anja Stoeckigt vir haar bydrae tot die meeste illustrasies in hierdie boek.

Zinelda McDonald: bladsy 2-7 en 75; Nelri Malan: bladsy 8, 17, 17, 19, 34 en 60;
Jiggs Snaddon-Wood: bladsy 23 en 49; Alex Latimer: bladsy 54-59, 77 en 86.

Omslag

Anja Stoeckigt

Foto-erkenings


Bladsy 43: Paul Weinberg (Nelson Mandela stem tydens die 1994-verkiesing); bladsy 47: South Africa History Online (Charlotte Maxeke as 'n jong vrou); bladsy 69: Bernard DUPONT (muishond en seekoei), Francesco Veronesi (aasvoël), ERIK KILBY (skilpad), Zeynel Cebeci (rot) en Gwendolen (bobbajaan); bladsy 80: jbdodane (Oranjerivier); bladsy 82: Aliwal2012 (Gariëpdam); bladsy 83: water.alternatives (Katsedam); bladsy 84: Merrillie (grondendam); bladsy 89: JacoRoselt (hidroëlektriese kragaanleg); bladsy 94: Comingio Merculiano (seekat); bladsy 97: Katsushika Hokusai (*The Great Wave*-skildery); bladsy 112: bernidup (luiperddruk); iStock: bladsy 64 jcfzsy (sywurms op blaar); bladsy 81: Ultima_Gaina (rivier wat by see invloei); bladsy 84: Merrillie (grondendam).

Alle ander foto's is verskaf met toestemming: **Freepik**, **Rawpixel** en **Pexels**.

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-991225-10-8

Version 2: 2024



Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken: *Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Leerderaktiwiteitsboek, Graad 2, Kwartaal 2, CC BY 4.0.*

Geen bepalinge of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.


Vir meer inligting: <https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>

Inhoud


Week 1	Die seisoene	1
Week 2	Die seisoene	17
Week 3	Seisoene, plante en diere	27
Week 4	Seisoene, plante en diere	43
Week 5	Diere – wild en mak	53
Week 6	Diere – wild en mak	69
Week 7	Waterdiere	79
Week 8	Waterdiere	94
Week 9	Diere se huise	101




Ikone



Lees



Skryf



Klanke




Aanvangskennis



Kreatiewe Kunste



Onafhanklike Werk



Kleur in



Skryf



Knip uit

Die seisoene

Week 1 en 2





Lente



Somer

Vier seisoene



Herfs



Winter



Dit is lente!

Die lug is warm – mmmmmm!

Die dae is lank en die nagte is kort.

Nuwe blare groei;
babadiertjies word gebore.

Dit is lente!



Dit is somer!

Die lug is warm – sjoe!

Die dae is lank en die nagte is kort.

Die blare is groen;

die diere groei.

Dit is somer!



Dit is herfs!

Die lug is koel – brrrr!

Die dae is korter en die nagte is langer.

Blare verkleur en val van die bome af.

Party diere maak gereed
om te gaan slaap.

Dit is herfs!



Dit is winter!

Die lug is koud – bibber!

Die dae is kort en die nagte is lank.

Die blare is weg;
party diere slaap.

Dit is winter!



Vier seisoene!

Elke seisoen is anders.

Ons geniet al die seisoene.


Lente! Somer! Herfs! Winter!

Vier seisoene!







Hoekom het ons seisoene?



Ons het verskillende seisoene as gevolg van die manier waarop die aarde om die son draai of wentel. Dit neem die aarde een jaar om om die son te wentel.



Elke dag draai of wentel die aarde een keer om die son. Dit veroorsaak dag en nag. Die aarde is gekantel teen 'n effense hoek terwyl dit draai. Daarom is verskillende dele van die aarde op verskillende tye nader aan die son.



Hoe nader 'n plek op die aarde aan die son is, hoe warmer sal dit daar wees. In die helfte van die aarde wat nader aan die son is, is dit somer. Die ander helfte is verder van die son, daarom sal dit daar winter wees.


ooi



rooi



hooi



vlooi



kooi



mooi



gooi



nooi

tooi

looi

sooi

Die mooi nooi gooi die bal.

Kies en merk die regte woord.



1 My prent lyk

☒ mooi

☐ kooi



2 Die perd eet

☐ hooi

☐ rooi



3 Ek sal jou vir ete

☐ gooi

☐ nooi



4 Jan gaan die bal

☐ gooi


☐ nooi



5 Die kat hou nie van
die _____ nie.

☐ kooi

☐ vlooi



6 Die lam drink aan die

☐ looi

☐ ooi



7 Pa gee vir die kelner 'n

☐ hooi

☐ fooi



8 Die siek kind lê op die

☐ kooi

☐ tooi





DATUM _____


Seisoene regoor die wêreld



Wanneer dit somer
in die Suidelike Halfrond
is, is dit winter in die
Noordelike Halfrond.

Watter seisoen is dit nou
in die Suidelike Halfrond
en in die Noordelike
Halfrond?

Bou ses woorde wat met -ooi eindig.



Skryf die woorde neer.

1

4

2

5

3

6




DATUM _____

Aktiwiteite vir elke seisoen

Praat oor die prente.





DATUM _____



Skryf jou eie sin.



mooi



rooi



gooi



DATUM _____



Spoelees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

jou	soen	som	kos	gooi
klim	steel	wees	aan	grap
rooi	deel	pas	hom	kous
klok	vuis	tak	boos	bek
vuil	poel	hoes	pot	doof
stoep	fluit	mooi	krom	deur
duim	koud	ver	gat	self
grond	leun	mier	wet	papier
dreun	borsel	hoop	fooi	klein
enkel	sonder	pyn	ram	bring

Hoogste telling: _____ woorde per minuut



Lees in pare



Die mooi nooi is in rooi getooi. Sy maak die kooi mooi op. Die mooi nooi sal die seun looi as hy op die kooi gaan lê. Die seun nooi die mooi nooi om saam met hom te speel. Hulle gooi die rooi bal vir mekaar.



Met watter kleur bal het die kinders gespeel?

Die mooi nooi gee vir die ooi strooi om te eet. Die ooi hou nie van die strooi nie. Die mooi nooi kyk vir die ooi. Die ooi vra die mooi nooi om die strooi weg te gooi.



Hoekom wou die ooi nie die strooi eet nie?





DATUM _____

Waar kom appels vandaan?

Winter




In die winter rus die appelbome. Hulle het geen blare nie, maar daar is knoppe wat later blare of blomme word.

Lente



In die lente begin klein, liggroen blare groei en wit bloeisels maak oop. Die bloeisels lok bye. Stuifmeel kleef aan die bye en word na ander blomme oorgedra om sade te word.

Somer




In die somer groei die sade en word appels. Die buitenste deel word vlesig en soet. Die binnekant noem ons die appelstronk.

Herfs



In die herfs word die appels ryp en kan geëet word. Ons eet die buitenste deel. Ons kan die sade plant om nuwe appelbome te kweek.

aaï



haai



kraai



laai



saai



blaai



braai



taai

raai

draai

tamaai

Die tamaai groot haai kom draai in die baai.




DATUM _____

Seisoene van die appelboom



Plaas die prente in volgorde. Voltooi die sinne.



In die _____
begin die vrugte groei.



In die _____
rus die appelboom.





In die _____
is die appels ryp en kan
geëet word.



In die _____
kom die bye na die
appelbloeisels.

Vul die eindklank -ooi of -aai in.





DATUM _____



Bestuiwing



Bye speel 'n belangrike rol in die bestuiwing van blomme. Bye dra stuifmeel van een plant na die volgende sodat hulle sade en vrugte kan dra.

Watter ander insekte kan help om plante te bestuif?

Bou ses woorde wat met **-aai** eindig.



Skryf die woorde neer.

1

4

2

5

3

6



DATUM _____

Dora het dit verkeerd verstaan!

Praat oor die prent.



Wie dra die verkeerde klere vir die seisoen?

Kies en skryf die woord wat by die prent pas.

haai

saai

kraai

blaaie

laai

waai

taai

braai



1 waai




2 _____



3 _____



4 _____



5 _____




6 _____



7 _____



8 _____



DATUM _____

Leesbegrip

Lees die gedig **Vier seisoene**.



1 Die vier seisoene is _____ , _____ ,
_____ en _____ .

2 Voltooi die tabel.

	Die lug is	Die blare is	Die diere is (word)
 Lente			
 Somer			
 Herfs			
 Winter			



Lees in pare



Ben waai vir sy ma wat op die kaai staan. Hy gaan vandag saam met sy pa see toe om vis te vang. Die soutwater waai teen sy gesig. Sy gesig voel taai, maar hy kan nie wag om sy lyn in die water te gooi nie.



Waarheen gaan Ben en sy pa?
Wat gaan hulle daar doen?

Dit was 'n lang dag! Hulle het die vis op die kaai afgelaai. "Raai wat gaan ons vanaand braai?" roep Ben. "Ons gaan 'n tamaai groot haai braai!"



Wat gaan Ben-hulle braai?



Seisoene, plante en diere

Week 3 en 4





'n Brand in die winter



Dit was winter. Siphos en Amos se voete was koud.
Dit het nie gereën nie. Die gras was droog.

Jakob het vir Siphos beveel om 'n vuur in die gras te maak. Siphos het die gras aan die brand gestee.

Die wind het die vuur groter gemaak. Die seuns het weggehardloop.

Die onderwysers het geskree: "Kyk! Die gras brand!"

Siphos en Amos was bang.





By die huis het Ouma gesê: “Waarom lyk jy so senuagtig?”

“Nee, Ouma, dit is niks nie,” het Sipho gesê.

Sipho het buitentoe gekyk. Hy het baie rook gesien.



Gedurende die nag het die wind Sipho wakker gemaak. MaZaca het geskree: "Help! Help! Die gras brand! Help my koeie!"

Sipho het na MaZaca se hek gehardloop. Hy het die koeie uitgejaag. Hulle het weg van die vuur af gehardloop.



Sipho het gesien dat al die gras afgebrand het.
Die koeie het nie gras gehad om te vreet nie.

MaZaca het gesê: “My koeie het niks om te vreet nie,
maar hulle het gelukkig nie verbrand nie, want hierdie
seun is ’n held!”

Ouma was baie trots op Sipho.





Maar Sipho was baie skaam. Hy het gekyk na alles wat deur die vuur gebrand is.

Hy het gehoop dat Ouma nie weet dat hy die brand begin het nie.



Wat het plante nodig om te groei?

Soos jy, het plante voedingstowwe, water, hitte en ruimte nodig. As hulle dié goed het, groei hulle goed.



lug

om te groei
en sterk te word



lig

om vrugte
te dra



voedingstowwe



water

om te bly
lewe



hitte

om sade te
ontkiem

**In watter seisoen is
dit die beste om plante te kweek?**

- Is al die seisoene warm genoeg?
- Is daar genoeg sonlig in al die seisoene?
- Is daar genoeg water en reënval in al die seisoene?

eeu



leeu



meeu



sneeu



skreeu



sneuman



seeleeu



spreeu

eeu

spreeu

leeu

'n Eeu gelede het die leeu in die sneeu geloop.



Eksperiment

Sal 'n plant groei as dit koud is?

Wat het ons nodig?



**2
pierings**



**papierhanddoeke
of toiletpapier**



**'n paar
sonneblomsade**



water

Wat moet jy doen?

- 1 Sit die papierhanddoek op die pierings.
- 2 Maak die papier nat met 'n bietjie water.
- 3 Sit 'n paar sade op elke piering.
- 4 Sit een piering in die son.
Sit die ander een in 'n koue plek soos 'n yskas.
- 5 Gee elke piering elke dag water.
Moet dit nie te nat maak nie.
- 6 Kyk elke dag na die sade om te sien of dit groei.

Wat gebeur?

Groei plante vinniger in 'n warm plek?

Groei plante net so vinnig in die winter soos in die somer?

Kies en merk die regte woord.



1 Dit is 'n kwaai

☒ leeu

☐ laai



2 Ek speel in die

☐ sneeu

☐ saai



3 Daar vlieg 'n

☐ spreeu

☐ spring



4 100 jaar is 'n

☐ ooi

☐ eeu



5 By die see bly 'n

☐ meeu

☐ mooi



6 Die meisie

☐ skraap

☐ skreeu



7 Ons bou 'n

☐ sneeuman

☐ seeleeu



8 Daar swem 'n

☐ spreeu

☐ seeleeu





Waarheen gaan voëls in die winter?





In die herfs sien ons dikwels swaeltjies op die drade langs die pad sit. Hulle maak gereed om na warmer plekke te vlieg.

Waarheen gaan swaeltjies in die winter?



DATUM _____

Bou ses woorde wat met **-eeu** eindig.



Skryf die woorde neer.

1

4

2

5

3

6



DATUM _____



Skryf jou eie sin.



sneeu



leeu



skreeu



DATUM _____



Spoelees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

en	hek	gaan	gooi	byt
mooi	kraak	mes	die	roer
wip	blaas	wen	toor	vies
siek	kuif	taai	sug	skoer
toon	lou	maal	dik	straat
sneeu	draf	voel	reg	skreeu
hoek	fiets	ken	boom	neut
vaal	bang	koes	saai	gooi
roes	nuut	leeu	rus	kreun
nooi	sodat	waai	graaf	vleis

Hoogste telling: _____ woorde per minuut



Lees in pare



Dit is winter en dit is vandag baie koud. Buite raas die spreekus. Malie staan op en trek vinnig aan. Hulle gaan vandag na die sneeu kyk en sy kan nie wag om 'n sneeuman te bou nie.



Watter seisoen is dit? As jy 'n sneeuman kan bou, hoe sal hy lyk?

Die sneeu is pragtig en yskoud. Pappa help vir Malie om 'n sneeuman te bou. Daarna hou hulle 'n sneeugeveg. Hulle lag en skreeu. Dit was 'n lekker dag.



Wat het hulle laat lag en skreeu?





Vryheidsdag



27 April is 'n spesiale dag in Suid-Afrika. Op hierdie dag herdenk ons die eerste demokratiese verkiesing in 1994. Vir baie Suid-Afrikaners was dit die eerste keer dat hulle kon stem en die mense kon kies wie hulle in die regering wou hê. Op baie plekke was daar lang rye, maar mense het geduldig gewag om te stem. President Nelson Mandela was die eerste president van die demokratiese Suid-Afrika.

Ons herdenk hierdie spesiale gebeurtenis elke jaar en ons noem hierdie openbare vakansiedag Vryheidsdag.

oei



koei



roe*ei*



gro*ei*



bro*ei*



skro*ei*



sto*ei*



blo*ei*

boei

loei

sto*ei*

Die k*oei* staan in die wind wat lo*ei*.



DATUM _____

Alles oor Vryheidsdag

Wat het op
27 April 1994 gebeur?

Wanneer vier ons
Vryheidsdag?

Wie het in 1994 die
eerste demokratiese
Suid-Afrikaanse
president geword?

Waarom was die verkiesing daardie dag anders?

Vul die eindklank **-oei** of **-aai** in.

1 r oei



2 r _____




3 gr _____



4 b _____

5 h _____



6 W _____



7 gl _____



8 sn _____





DATUM _____



Bekende Suid-Afrikaanse vryheidsvegters



Charlotte Maxeke
was 'n leier wat vir die
vryheid van swart Suid-
Afrikaners geveg het. Sy is
soms die Moeder van Swart
Vryheid genoem. Baie strate,
hospitale en skole in Suid-
Afrika is na haar vernoem.

**Watter bekende mense wat vir
vryheid geveg het, is in jou
provinsie gebore?**

Bou ses woorde wat met **-oei** eindig.



Skryf die woorde neer.

1

4

2

5

3

6



DATUM _____



Ouma onthou 'n spesiale dag


Praat oor die prent.



Kies en skryf die woord wat by die prent pas.

roei koei broei bloeisel
groeï bloei stoei skroei






DATUM _____

Leesbegrip

Lees die storie oor 'n Brand in die winter.



1 Wat het Jakob vir Sipho beveel om te doen?

2 Pas die tyd van die dag by wat Sipho gedoen het.

by die skool

maak 'n vuur
in die gras

laat die koeie
uitgaan

ná skool

in die nag

voel bang dat
Ouma sou
uitvind


die volgende
oggend

was
bekommerd
oor die vuur



3 Kopieer en voltooi die tabel.

	Gedurende die brand	Ná die brand
MaZaca		
Sipho		



Lees in pare



Ben, die boef, wil 'n koei steel.
Hy hoor 'n koei aan die ander kant
van die rivier. Gou-gou roei hy na
die oorkant. Die koue wind loei.
Die koei bulk.



Dink jy die boef het 'n goeie plan?
Hoekom sê jy so?

Die boer word wakker van die wind
se geloei. Hy betrap 'n boef en stoei
met hom terwyl sy vrou die polisie
bel. Die polisie se sirenes loei en
sommer gou word die boef geboei.




Wat is die geluid wat die polisie
se sirenes maak?




Diere - wild en mak

Week 5 en 6






Hoe Sebra sy strepe gekry het



Lank, lank gelede het Sebra 'n blink swart vel gehad wat soos 'n diamant in die son geblink het.

Die jagters wou hom vang en mak maak.

“Die ander inwoners sal ons beny,” het hulle gesê.
“Kom ons vang hom en maak hom vas!”



Sebra het weggehardloop om in die lang, wit gras te skuil, maar die jagters het hom steeds gejaag.

Hy het tussen die bome weggekrui, maar die jagters het hom daar ook gejaag.



Sebra het gehardloop en gehardloop. Hy het by 'n oopte in die bos gekom en 'n pot met wit verf gesien.

Hy het gesê: “Ek gaan my vel verf sodat die jagters nie kan dink dat ek mooi is nie.”



Sebra het die emmer met die verf omgeskop.

Toe het hy in die verf gerol totdat sy vel vol wit strepe verf was.



“Nou is ek swart en wit!” Ek kan tussen die bome en in die gras wegkruip! Die jagters sal my nie sien nie!” het Sebra uitgeroep.

Toe hy die jagters hoor aankom, het hy baie stil gestaan. Hulle het gedink dat hy ’n boom was en verbygestap.



En dit is waarom alle sebras vandag velle met swart en wit strepe het.



Produkte van plaasdiere

MaZaca se vars plaaskos

Van die plaas tot by jou!

Ons koeie en hene eet die beste,
so hulle gee die beste!



Melk
R25
vir 2 liter



Botter
R40
vir 500 g



Maas
R10
vir 500 ml



Eiers
R12
vir 1 dosyn

Opskud! Opskud! Opskud!

Aanbod slegs vir die eerste 101 kliënte!

Skakel my by 084 444 4456 of besoek my by MaZaca se Plaas, Ndaleniweg




DATUM _____

Skryf die woord wat by die prent pas.

ooi aai eeu oei



1 g _____



2 bl _____



3 h _____



4 st _____




5 sn _____



6 r _____



Pas die plaasdiere by hul produkte.



'n Koei gee vir ons _____.

'n Hoender gee vir ons _____.

'n Skaap gee vir ons _____.

'n By gee vir ons _____.



Kies en merk die regte woord.

1 Dit is 'n kwaai

☒ leeu

☐ spreeu



2 Die haan

☐ loei

☐ kraai



3 Die boom het

☐ baai

☐ bloeisels



4 Die perd eet

☐ hooi

☐ vlooi



5 Die mans

☐ stoei

☐ groei



6 Die lekker is

☐ fooi

☐ taai



7 Die verf is

☐ saai

☐ rooi



8 Die sirenes

☐ looi

☐ loei






Om met sywurms te boer





Sywurms is troeteldiere.
Sodra die ruspers uitbroei
uit die eiers, eet en groei hulle.
Dan weef hulle 'n baie lang
draad sy rondom hulself om 'n
kokon te maak. Hierdie sy word
losgetorring en in symateriaal
geweef.

**Wat gebeur met die
sywurm binne-in
die kokon?**



DATUM _____

Bou vier woorde wat met **-eeu** eindig.



Skryf die woorde neer.


1 _____

2 _____

3 _____

4 _____

Bou vier woorde wat met **-oei** eindig.



Skryf die woorde neer.

1 _____

2 _____

3 _____

4 _____



DATUM _____



Skryf jou eie sin.




leeu



kraai



prooi



DATUM _____



Spoelees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

been	eet	hou	roei	leeu
loer	groeï	skaap	stoel	maag
doen	skreeu	hut	mou	kas
tier	raak	skroei	hout	braai
skrik	laag	vlag	vlieg	weet
bossie	hooi	krul	drink	lees
alleen	skaam	water	vlerk	mag
agter	waai	wilde	stadig	wiel
eerste	kraal	hang	teken	saai
klere	neem	effens	kras	vier

Hoogste telling: _____ woorde per minuut



Lees in pare



Dis 'n warm dag in die Bosveld.
Die kraaie gaap. Ma Leeu lê
lui onder 'n koelteboom. Skielik
sien sy 'n rooibok in die verte.



**Hoekom lê Ma Leeu onder
'n koelteboom?**

Ma Leeu hou die rooibok fyn dop.
Sy staan op, strek haar uit en begin
haar prooi bekruip. Rooibok stoei en
laat spaander. Ai! dink Ma Leeu en
draai terug na haar lêplek.



**Het Ma Leeu die rooibok gevang?
Hoe weet jy dit?**





DATUM _____

Bly lewe

Karnivore



Karnivore eet ander diere.
Hulle eet vis, voëls, paddas, slange en
ook ander diere.

Herbivore



Herbivore eet net plante.
Hulle eet gras, neute, sade, blomme, vrugte en groente.

Omnivore



Omnivore eet diere en plante.
Dit is 'n goeie manier om te bly lewe. As hulle nie vleis
kan kry nie, eet hulle plante.


bl
br



blom



bril



blaar



blik




blok



broek



braai



brood

blaf

bly

blaas

breek


brief

brei

Die hond blaf toe die bruin beer brom.


Voltooi die woorde.



1 bl af 



2 br _____



3 br _____



4 bl _____



5 br _____



6 bl _____



7 bl _____



8 br _____



Suid-Afrikaanse wilde diere



Jagluiperd



Pickergill se rietpadda



**Wat het
hierdie diere
gemeen?**



Knysna se seeperdjie




Kaapse aasvoël



DATUM _____

Bou elke keer ses woorde met die beginklank.

bl-



1 _____

2 _____


3 _____

4 _____

5 _____

6 _____

br-



1 _____

2 _____

3 _____

4 _____


5 _____

6 _____



Die lewe van hoenders

Skryf die woorde in elke sin in die regte volgorde.



- 1 Die hen vir omtrent sit op om dit
21 dae die eiers te hou. warm

_____.

- 2 binne-in Babakuikens die eiers. groei

_____.

- 3 en dan broei dit uit. breek Die kuiken
met sy snawel die dop

_____.

- 4 ses maande gereed is die hoender Ná
om eiers te lê.

_____.





DATUM _____

Moenie bang wees nie



Lees die gedig en gesels oor bang wees.



Eendag sien ek 'n harige leeu.
Hy skud sy maanhare en kyk na my.
Ek was bang en het begin huil.
Toe sê die leeu vir my:
“Moenie bang wees nie, klein meisie.
Ek hou van my hare, net soos jy.
As jy my nie seermaak nie,
sal ek jou nie seermaak nie!”
En nou is ek en die leeu goeie maats.

Kies en skryf die woord wat by die prent pas.

blom brief bril blou
blaar blik brei brul




1 blou



2



3



4



5



6



7



8



DATUM _____



Leesbegrip

Lees **Hoe Sebra sy strepe gekry het.**
Merk die regte antwoord.

1 Lank gelede was Sebra _____

- ☐ wit ☐ gestreep ☐ swart



2 Die jagters wou Sebra vang, want _____

- ☐ hy was mooi
☐ hulle wou hom eet
☐ die ander inwoners sou hulle beny


3 _____ het 'n slim plan gehad.

- ☐ Verkleurmannetjie ☐ Sebra ☐ Jagters

4 Wat was die slim plan?

5 Hou jy van hoe sebras nou lyk? Waarom?





Lees in pare



Vandag is Susan baie bly. Dit is haar verjaarsdag. Sy trek haar nuwe broek en bloes aan en kam haar bruin hare. Toe sit sy haar bril op en steek 'n blom in haar hare.

? Hoekom het Susan 'n blom in haar hare gesteek?


Sy neem haar kosblik met haar broodjies. Sy neem ook 'n koek met kersies om te blaas saam. Al die maats is bly om koek te kry. Hulle skryf briefies om haar geluk te wens.

? Waaroer was al haar maats bly?



Waterdieren

Week 7 en 8





Riviere en damme



Oranjerivier


'n Rivier is 'n groot, natuurlike stroom water wat deur 'n land vloei.

Vars water vloei in riviere na mense, plante en diere regoor die aarde.




'n Riviermond

Suid-Afrika het groot riviere in die meeste provinsies.
Party groot riviere vloei in die Indiese Oseaan in.
Party riviere vloei in die Atlantiese Oseaan in.
Party riviere vloei in ander riviere in.



Gariepdam

Suid-Afrika kry nie baie reën nie.
Water word in damme gestoor sodat mense en diere
genoeg water het om te drink, om gewasse nat te lei
en om fabrieke aan die gang te hou.



Katsedam, Lesotho

Damme het betonwalle wat oor riviere gebou word. Agter die damwal word vars water in damme gestoor sodat gemeenskappe altyd water het.



'n Gronddam

Groot damme voorsien water aan die groot stede. Hulle word gewoonlik in groot riviere gebou. Boere bou ook kleiner gronddamme om hul landerye nat te lei.



Saharawoestyn

Sonder riviere en damme sou Suid-Afrika 'n woestyn gewees het. Ons sou nie sonder water hier kon lewe nie.



Varswaterdiere

Visvangers leef meestal naby die water. Hulle eet vis, krappe, paddas en insekte. Hulle duik in die water om hul kos te vang.



Krokodille eet ander diere. Hulle hoef nie elke dag te eet nie. Party krokodille eet slegs een keer per maand.



Naaldekokers eet insekte. Voëls en paddas eet naaldekokers.



Otters duik om hul prooi te vang. Dan swem hulle terug land toe om dit te eet. Hulle vang vis, paddas, krappe en wurms.



Paddavissies leef en haal asem in die water. Paddas asem lug in en kan op die land en in die water leef. Hulle eet insekte.



Klein vissies eet meestal insekte en klein diere soos garnale. Groter visse eet soms kleiner vissies.




dr
fr



drie



frikkadel



draak



droom



draf



frokkie



framboos



frons

dra

frats

drup


fraai

dreun

frommel

Die draak dra 'n fraai frokkie.

Bou ses woorde met
dr- as die beginklank.



Skryf die woorde neer.

1 _____

2 _____


3 _____

4 _____

5 _____

6 _____

Bou ses woorde met
fr- as die beginklank.



Skryf die woorde neer.

1 _____

2 _____

3 _____

4 _____

5 _____

6 _____



DATUM _____

Waterkrag



Elektrisiteit kan
gemaak word met die
krag van water wat uit 'n
dam vloei. Die water draai die
groot wiele wat ons turbines noem.
Die turbines draai dan die masjiene
wat ons kragopwekkers noem, en
so word elektrisiteit gemaak.

Watter damme in die
Oranjerivier word gebruik
om elektrisiteit op
te wek?

Kies en merk die regte woord.



1 Dit is 'n kwaai

- ☒ draak
☐ druppel



2 My sussie eet 'n

- ☐ framboos
☐ frikkadel



3 Die kraan

- ☐ draf
☐ drup



4 Die atleet dra 'n

- ☐ fraai
☐ frokkie



5 Die seun

- ☐ fris
☐ frons



6 Die meisie

- ☐ dra
☐ droom



7 Die kind eet die

- ☐ frikkadel
☐ framboos




8 Dit is 'n swaar
sak wat sy

- ☐ draf
☐ dra



Kies en skryf die woord wat by die prent pas.

droom droog frons fris
druppel draak frokkie frikkadel



1



2



3



4



5



6



7



8



Spoelees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?


meer	aan	sag	trek	teen
na	eenkeer	leer	gee	frikkadel
sambreel	vang	druppel	vandag	telefoon
hoor	jaar	mak	swart	neem
nege	met	ly	bring	nuut
hy	brood	droom	dink	blou
saak	fris	wes	goeie	tog
sien	gaan	drom	vra	tyd
voor	wees	kies	vind	weg
fraai	speel	blaf	rooi	vlieg

Hoogste telling: _____ woorde per minuut



DATUM _____

Lees in pare



Janu spring uit die bed en draf na Mamma en Pappa se kamer. Hy het 'n nare droom gehad. Hy het gedroom 'n draak druk hom vas. 'n Traan drup op die bed toe hy vir Mamma wakker maak.



Hoekom het Janu uit die bed gespring?

Mamma droog Janu se trane af. "Wat 'n nare droom!" Sy maak vir hom warm melk om te drink. Pappa frons en trek sy frokkie reg. Hy gee Janu 'n stywe drukkie. Janu klim terug in die bed en slaap sommer gou weer.



Wat het Janu se ouers gedoen om hom te troos?





Interessante feite oor seediere

Waar dit bly

Wat dit eet

Interessante
feite

Seekat



Oseane,
rotspoele,
koraalriwwe

Klein vissies,
krappe en ander
seediere. Hulle is
karnivore.

Seekatte het drie
harte en blou
bloed.

Haai



Diepsee

Vis, inkvis en
selfs ander haaie.
Hulle is karnivore.

Haaie kan een
klein druppeltjie
bloed in 'n
swembad ruik.

Seester



Rotspoele,
koraalriwwe

Mossels, oesters
en selfs seegras.
Hulle is omnivore.

'n Seester vind sy
prooi deur
sy reuksintuig
te gebruik.

Krap



Seestrande,
rotspoele

Klein plantjies,
mossels en
wurms. Hulle
is omnivore.

'n Krap se dop
is eintlik
sy skelet.

Walvis



Warmer
water van die
diepsee, naby
die kus in die
winter

Garnale,
seekatte en kril.
Hulle is meestal
karnivore.

Walvisse is
die grootste
soogdiere
op aarde.

fl
gl



fluitjie



glas



fles



flits



flamink



glimlag



gloei



glyplank

flik

fluks

flou

glad

glo

gleuf

Die fraai flamink glimlag vir haarself in die glas.



'n Plakkaat oor seediere

Maak 'n plakkaat saam met jou groep.



Merk af elke keer as julle 'n gedeelte voltooi het.

Vind meer uit oor drie seediere.	
Beplan jul plakkaat. Die volgende moet op die plakkaat wees:	
• 'n opskrif	
• 'n paar tekeninge	
• 'n paar feite oor drie seediere.	
Maak jul plakkaat:	
• Skryf 'n opskrif.	
• Teken jul prente.	
• Skryf jul feite.	
• Werk saam.	
Stal jul plakkaat uit. Plak jul plakkaat in die klaskamer op.	



DATUM _____


Oseane



Seewater is sout, maar verskillende soorte diere woon daarin. Die oseaan is verdeel in vyf hoofareas: die Stille, die Atlantiese, die Indiese, die Arktiese en die Suidelike Oseaan.

Watter oseane is rondom die Suid-Afrikaanse kus? Het hulle almal dieselfde temperatuur?


Bou ses woorde met
fl- as die beginklank.



Skryf die woorde neer.


- 1 _____
- 2 _____
- 3 _____
- 4 _____
- 5 _____
- 6 _____

Bou ses woorde met
gl- as die beginklank.



Skryf die woorde neer.

- 1 _____
- 2 _____
- 3 _____
- 4 _____
- 5 _____
- 6 _____



DATUM _____

Kies en skryf die woord wat by die prent pas.

flamink fluitjie glas gloei
glimlag glyplank glinster fles



1 fles



2 _____



3 _____



4 _____



5 _____




6 _____



7 _____



8 _____



Lees in pare



Flip frons. Het hy nou net iets hoor val? Hy lig met sy flits by die venster uit en daar staan 'n meisie en huil. "Dit was nat en glad!" snik sy. Flip draf flink na buite.

? Hoekom, dink jy, huil die meisie?

"Wat het gebeur?" vra Flip vir die meisie. Oral lê stukke glas. "Ek het die fles laat val. Dis flenters." Flip help haar fluks en bied vir haar flou tee aan. Met 'n glimlag stap sy terug huis toe.

? Was die meisie nog hartseer toe sy huis toe gestap het? Hoekom sê jy so?



Diere se huise

Week 9





Die seuns, die meisies en die swaeltjies se nes



Die seuns het 'n swaeltjienes onder die skool se dak gekry.

Jakob het klippe daarnatoe gegooi.

Amos het 'n klip gegooi. Dit het die swaeltjies se nes getref. 'n Stuk van die nes het afgeval.



Die swaeltjies het al in die rondte gevlieg en hard gekwetter.

Lindi het geskree, want sy was kwaad.

Ayanda het gehuil, want sy was ontsteld.

Die juffrou het uitgekom. Sy het gesien wat die seuns gedoen het.



Sy was baie kwaad.

“Weet julle waarom die swaeltjies hul neste op ons mure bou?” het sy gevra.

“Hulle doen dit, want hulle wil hê dat ons hulle moet beskerm.”





“Ouma sê swaeltjies bring geluk,” het Sipho gesê.

“Dit is waar,” het Ayanda gesê, “en dit bring ongeluk om hul neste te breek.”

Amos het skaam gevoel. “Ek sal die swaeltjies oppas,” het hy gesê. “Ek is jammer ek het die nes gebreek.”



Die swaeltjies gaan haal modder met hul snawels om die nes reg te maak.

Elke oggend het die kinders na die nes gaan kyk.
Hulle het vir almal gesê om nie die nes te breek nie.

Na twee weke het die kinders gesien hoe die swaeltjies rysmiere na hul nes neem.

Tydens pouses het Amos langs die nes gesit om dit te beskerm.

Toe, eendag, het die babaswaeltjies uitgevlieg. Die kinders was opgewonde.

Lindi het gesê: “Jy het na hulle omgesien, so jy sal nie meer ongelukkig wees nie.”





Bye en byekorwe



Bye dra stuifmeel van plant tot plant sodat die plante sade of vrugte kan dra. Hulle leef in groot groepe en het elkeen hul eie werk om te doen.



Die meeste bye woon in byekorwe. Wildebye maak hul korwe in plekke soos gate in bome en rotse. Byeboere maak byekorwe van hout sodat hulle die heuning maklik kan uithaal.



Die hoofdeel van 'n byekorf is die heuningkoek wat van byewas gemaak word. Die heuningkoek het selle in die vorm van 'n heksagoon (dit het ses sye). Die werkerbye maak die selle van die heuningkoek vol heuning. Die koninginby lê haar eiers in party van die selle. Na omtrent twee weke broei die eiers as bababye uit.



gr
kl



graaf



klip



groen



gras




grap



klei



klam



klop

groet

gryp

groot

klein

kloek


klaar

Die groot seun klop aan die klein deurtjie.



Feite oor bye

Skryf 'n feit oor bye op elke sel van die heuningkoek.






DATUM _____

Bou elke keer ses woorde met die beginklank.

gr-



1 _____

2 _____


3 _____

4 _____

5 _____

6 _____

kl-



1 _____

2 _____

3 _____

4 _____

5 _____

6 _____



Diere wat hul huise saamdra

Skilpaaie is reptiele met harde doppe op hul rûe. Hulle kan hul koppe en bene daarin terugtrek om hulself te beskerm. Skilpaaie beweeg baie stadig.

Hoe lank kan skilpaaie leef?



Kies en merk die regte woord.



1 Die reus is

- ☒ groot
- ☐ grot



2 Hy sit op die

- ☐ gras
- ☐ glas



3 Die beer bly in 'n

- ☐ grot
- ☐ gras



4 Ons hou van

- ☐ klere
- ☐ klank



5 Die hen

- ☐ klits
- ☐ kloek



6 Oupa se hare is

- ☐ groen
- ☐ grys



7 Ek spit met die


- ☐ grap
- ☐ graaf




8 Die klip is

- ☐ klaar
- ☐ klein





DATUM _____



Skryf jou eie sin.




klere




klits



groot



DATUM _____



Leesbegrip

Lees die storie **Die seuns, die meisies en die swaeltjies se nes.**



1 Nommer hierdie gebeure in die regte volgorde.

☐

Die seuns het klippe na die nes gegooi.

☐

Die swaeltjies het 'n nes by die skool gebou.

☐

Amos het die nes beskerm.

☐

Die swaeltjies het hul nes reggemaak.



2 Soek woorde oor die karakters se gevoelens.

	Woorde oor gevoelens
Lindi	
Amos	
Die juffrou	

3 Wie het gesê dat dit geluk bring wanneer jy toelaat dat swaeltjies hul nes by jou huis bou?

☐ Jakob

☐ Ayanda

☐ Sipho

☐ Lindi

4 Stem jy saam? _____




Spoelees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

lees	mense	groet	sing	beste
moenie	groen	tafel	klere	snaaks
warm	dikwels	klits	skop	doen
gluur	polisie	watter	koud	gehad
melk	spring	twee	waarom	bad
klou	skryf	gegee	gryp	môre
nooit	seer	groei	kry	tand
swem	sonder	skroei	want	hond
vroeg	proe	maak	verf	water
lag	grys	lekker	terwyl	rivier

Hoogste telling: _____ woorde per minuut



DATUM _____

Lees in pare



Grompot, die groot beer, bly in 'n grot. Hy glimlag nooit. Hy groet niemand nie. Hy gluur net by die grot uit na die groepe diere wat verbyloop en grom as hulle na hom kyk.



Hoekom, dink jy, glimlag Grompot nooit nie?


Waldo lê en luister. Wat klink so? Hy is seker daarvan hy hoor 'n klop aan die deur. Hy klim uit sy bed om te gaan kyk. In sy haas stamp hy sy knie teen die hoek van die bed. Eina! Dit sal seker 'n klein knoppie maak.




Wat hoor Waldo?




Uitknipbladsye






Nuwe blare begin groei.

WEEK 2




Babadiere word gebore.





Die dae is lank

WEEK 1




en die nagte is kort.






My koeie het nie verbrand nie,




WEEK 4

want hierdie seun is 'n held!





Dit was winter. Siphho en




WEEK 3

Amos se voete was koud.







Sebra het 'n blink swart vel




gehad wat soos 'n diamant




in die son geblink het.







Toe het hy in die verf gerol




totdat sy vel vol




wit strepe verf was.







Vars water vloeï in riviere




na mense, plante en




diere oor die hele aarde.







Damme het betonwalle wat




oor riviere gebou word om




die vloei van die rivier te keer.







Die seuns het 'n



swaeltjienes onder die



skool se dak gekrû.





Funda Wande

Reading for Meaning

My nuus

Vandag wil ek julle vertel van ...



Wanneer?




Wie?



Waar?



Wat het gebeur?



Ek het ... gevoel.
Omdat ...



Western Cape
Government
FOR YOU

Education

 **creative
commons**
CC-BY- 4.0



VERSION 2.0